VERSEKERING
Spaar by **OUTsurance**. Kliek hier vir huisinhoud-, besigheids- en motorversekering.

Opinie

OMBUDSMAN: 'n Belangrike les vir Suid-Afrika se media

HENDRIK COETZEE
12/06/2008 10:09:16 PM - (SA)

SEDERT die xenofobiese aanvalle teen veral immigrante uit ander Afrikalande enkele weke regoor Suid-Afrika uitgebreek het, is talle vrae gestel oor die oorsake van dié aanvalle. In regeringskringe is selfs sover gegaan om die skuld op 'n geheime derde mag te plaas.

SOORTGELYKE ARTIKELS
Geen soortgelyke artikels

SOORTGELYKE MULTIMEDIA
Geen multimedia

SOORTGELYKE BLOG
Geen blogs

Daar is ook gevra watter rol die media gespeel het om negatiewe persepsies jeens Afrikane uit ander Afrikalande te kweek. Die mediamoniteringsgroep Media Tenor South Africa het pas op sy webwerf, www.mediatenor.co.za, sy bevindings hieroor bekend gemaak. Dié groep het koerante, tydskrifte en TV- en radio-nuusprogramme tussen Januarie verlede jaar en April vanjaar ontleed.

Die navorsing het nie ten doel gehad om 'n regstreekse verband tussen die media se beriggewing oor buitelanders uit Afrika en die uiteindelike xenofobiese geweldpleging te probeer vind nie, maar bloot om vas te stel hoe die media oor buitelanders verslag doen.

Wat die uitsaaimedia betref, is verskeie van die SAUK se radio- en TV-nuusprogramme in verskillende tale asook e.tv se nuusbulletins ontleed. Daarbenewens is die dagblaaie Sake24, Business Day, Die Burger, Cape Times, Sowetan, Beeld, The Star en Daily Sun ontleed, asook die weekblaaie Sunday Independent, Finweek, Financial Mail, Business Report, Rapport, Sunday Times, Mail & Guardian en City Press.

Die verslag, onder die titel "Lessons in the Rear-view Mirror", bied heelwat stof tot nadenke. Die nuusmedia sal beslis moet besin oor die manier waarop hulle berigte oor immigrante uit Afrika aanbied.

Daar was in die aanloop tot die uitbreek van die geweldpleging nie 'n noemenswaardige toename in berigte oor buitelanders in Suid-Afrika nie. Wat wel opgeval het, is die oorwegend negatiewe trant van die berigte.

Vanjaar is die berigte in dié verband oorheers deur twee onderwerpe: Die berigte oor die verknorsing van Zimbabwiërs wat in Suid-Afrika woon, het skerp toegeneem ná die Zimbabwiese verkiesing in Maart en die bedanking van Carlos Parreira as afrigter van die nasionale sokkerspan.

"As aanvaar word dat joernaliste klassieke joernalistieke beginsels (dat berigte so gebalanseerd moontlik moet wees) toegepas het, is dit duidelik dat die Suid-Afrikaanse media soms hul eie vooroordele ingewerk het in berigte wat reeds baie negatief was weens die situasies wat hulle belig het," lui die verslag.

Die berigte het hoofsaaklik gekonsentreer op die betrokkenheid van nie-Westerse immigrante by kwessies soos misdaad. Die Suid-Afrikaanse media se vooroordeel jeens hulle spruit baie dikwels uit algemene persepsies dat dié buitelandse burgers by misdaad betrokke is.

"Die berigte wat vir uitsending en publikasie gekies is, is uiters negatief, wat kommer laat ontstaan oor wat die media doen om die fokus te laat val op die voordele wat dié buitelanders se teenwoordigheid vir die land inhou. Byvoorbeeld, slegs 18% van die berigte het na nie-Westerse buitelandse besoekers as sportlui of kunstenaars verwys. Nog 3% het na hulle verwys as professionele mense wat in die land werk. Miskien is die insiggewendste stukkie statistiek dat slegs 'n onbeduidende 1% van die berigte hulle uitdruklik as toeriste of beleggers bestempel het. Dit beteken dat die Suid-Afrikaanse media die risiko geloop het om nie-Westerse buitelanders, veral Afrikane, te reduseer tot misdadigers en onwettige immigrante," lui die verslag.

Media Tenor sê die SAUK se nuusuitsendings in Engels, Zoeloe en Xhosa, asook e.tv se nuusuitsendings oor nie-Westerse buitelanders in Suid-Afrika was gebalanseerd.

"Slegs 4 van die 26 nuusdienste wat geanaliseer is, se vooroordeel was effens ten gunste van buitelandse burgers. Van hulle was dit slegs Business Day en Die Burger wat dikwels na buitelandse burgers verwys het as toeriste, beleggers en sportlui."

Hierdie bevinding is inderdaad 'n kompliment vir Die Burger en Business Day. Dit dui daarop dat hulle voortdurend probeer om joernalistieke beginsels en etiese reëls streng toe te pas.

Dit beteken egter nie dat hulle op hul louere kan rus nie. Saam met al die ander media waaroor 'n negatiewe bevinding gemaak is, moet hulle die volgende raad van Media Tenor in ag neem: "Hoewel die media nie die negatiewe omstandighede waarin baie Afrikane die land binnekom, kan ignoreer nie, onderstreep die gewelddadige gebeure van Mei hoe die media 'n uiters belangrike rol kan speel om die uiters negatiewe persepsies wat die publiek van buitelanders het, te verander. Uit die navorsing blyk dit dat buitelanders baie dikwels in die Suid-Afrikaanse media gestereotipeer word as onwettige immigrante of misdadigers sonder dat die ekonomiese voordeel wat hul teenwoordigheid vir die land kan inhou, behoorlik in ag geneem word."

Daar word voorgestel dat die Suid-Afrikaanse media dadelik begin om meer aandag aan buitelanders as toeriste, beroepslui en beleggers te gee.

Die voortdurende stereotipering en kategorisering van dié groep mense kan op lang termyn net so verdelend wees soos die land se eertydse rasse-beleid was, waarsku Media Tenor.

Dit sal die media inderdaad loon om weer 'n slag na hul etiese kodes te kyk, asook na die gedragskodes van hul selfregulerende liggame soos die Persraad en die Uitsaaiklagtekommissie.

Veral in Suid-Afrika, met sy verdeelde samelewing weens die onregte van die verlede, is dit belangrik dat verdere verdeling nie weens negatiewe stereotipering aangemoedig word nie.

Teken in op Die Burger

EPOS DRUK

Praat saam
SMS jou mening na 31067
SMS kos 50c vir Vodacom en Cell C, 76c vir MTN

VIND

INSKRYWINGSVORM VIR 2009 SE LENTE VAKANSIESKOLE

Alle graad 10-, graad 11- en graad 12-Jippers kan uitsien na vanjaar se lenteskool. Skryf nou in vir Die Burger se Lenteskool in Port Elizabeth.
Kliek hier vir inskrywingsvorm

61 dae tot afskop 2010

Lees hier alles oor 2010
kliek hier

VIND
Mediese Fonds
Reis & Verblyf
Kom ons kliek
Motors
Kontantlenings
Beligting
Eiendomsbelegging
Wegbreeknaweek
Musiekinstrumente
Eiendomme te huur
Leerprodukte
Buitelewe
Werksgeleenthede
Gesondheidsprodukte
Eiendomme te koop

NETADS24
Soek 'n advertensie
Algemeen
Loopbane
Motors
Eiendomme
SOEK

DIE BURGER gratis epos nuusbrief
TEKEN IN

VIND OU SKOOLVRIENDE
Kies jou skool se provinsie:
Kies
En klik op die eerste letter van jou skool:
ABCDEFGHIJKLMN
OPQRSTUVWXYZ

ONS BEVEEL AAN

- Mediese Fonds
- Reis & Verblyf
- Kom ons kliek
- Motors
- Kontantlenings
- Beligting
- Eiendomsbelegging
- Wegbreeknaweek
- Musiekinstrumente
- Eiendomme te huur
- Leerprodukte
- Buitelewe
- Werksgeleenthede
- Gesondheidsprodukte
- Eiendomme te koop

Die Burger, ligdag op jou voorstoep

TEKEN IN

ONS BEVEEL AAN

netNaweek

Nie seker wat om die naweek te doen nie? Kry elke Vrydag netNaweek.com, propvol nuus oor die lekkerste wat die Kaap het om te bied en wen hope pryse. Die gratis e-pos sluit inligting oor flieks, teater, restaurante, uitstallings, wegbreek-naweke en sommer enige iets wat pret is om die naweek te doen in.

Gaan na netNaweek om te registreer.

Goedkoop motor dekking
Kry nou motor versekering Kwotasies vir huis en motor dekking
www.get-insured.co.za

netNaweek
Nie seker wat om die naweek te doen nie? Kry elke Vrydag netNaweek.com, propvol nuus oor die lekkerste wat die Kaap het om te bied en wen hope pryse. Die gratis e-pos sluit inligting oor flieks, teater, restaurante, uitstallings, wegbreek-naweke en sommer enige iets wat pret is om die naweek te doen in.

Gaan na netNaweek om te registreer.

Kontak ons | Navrae | Teken in op ons nuusbrief | Vrae oor registrasie | Adverteer | gebruikersooreenkoms | RSS

online publishers association member